# Storie van Hoop

Met ons onlangse besoek aan Libanon het ons  Bilal,* die broer van Aisha* ontmoet. As jong moeder van twee kindertjies en vrou van ’n ISIS vegter in Sirië, het Aisha geen ander uitweg gesien as om na Libanon te vlug met haar kindertjies nie. Sy het niks gehad en niemand geken toe sy daar aankom nie. Sy was verlore en alleen.

Maar God het ingegryp …

Lidmate van die plaaslike Kerk het hulle oor Aisha en haar kindertjies ontferm. Sy het deel van die plaaslike gemeente geword en Jesus Christus leer ken. Sy het Hom as haar Verlosser aangeneem en begin groei in haar verhouding met haar Here. Dit alles binne ’n paar dae na sy in Libanon aangekom het.

Nie lank na haar aankoms in Libanon nie, word sy egter siek met Covid-19 en sterf. Die gemeente het haar kindertjies versorg en haar familie in Sirië laat weet van haar afsterwe. Aisha se moeder en broer met sy vrou het gekom vir haar begrafnis. Hulle het nie geweet sy het intussen ’n volgeling van Jesus geword nie.

Nog in Libanon het die Heilige Gees te sterk geword vir Bilal, self ’n “vryheidsvegter” in Sirië, en ook hy neem Christus aan. Bilal en Aisha se ma is volgende om Jesus te leer ken. Maar Fatima,* Bilal se vrou, staan vas in haar weerstand en sy is onaangeraak deur haar man en skoonma se nuwe geloof.

Die Kerk in Libanon het ’n dringendheid om verlore siele te soek en na Jesus te lei. Met liefde trek hulle mense in en skep ’n veilige plek om te behoort. En in hierdie veilige kring van liefde werk die Gees. Dit is met hierdie liefde wat die Kerk ’n blyplek vir Bilal en sy familie huur en in hul basiese behoeftes voorsien.

**“As Jesus soos hulle is, wil ek hierdie Jesus leer ken,”** verklaar Fatima op ’n dag toe sy saam met haar familie kerk toe begin gaan. Na ’n tyd het ook sy ’n persoonlike ontmoeting met Jesus gehad.

Bilal het sy suster se kindertjies as sy eie geneem en is in proses om hulle wettig aan te neem.

Ons het die voorreg gehad om die familie van nader te leer ken, hulle vreugde te sien en veral ook om Bilal se onverskrokke getuig van “my Jesus” teenoor almal wat hy teëkom, te beleef. Teenoor ons getuig hy watter impak onvoorwaardelike liefde, ook van ons as broers en susters uit ‘n ver land, op hom en sy familie het, hoe dit hulle geloof versterk.

Bid asseblief saam vir hierdie kosbare familie, vir hulle geestelike groei, die aanpassing in Libanon en ook vir hulle daaglikse behoeftes.

**Hoe groot is die Here se reddende genade in mense se lewens midde uiters moeilike omstandighede!**

** Skuilname om ware identiteit te beskerm*